# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 23/02 2018

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   - Baie dankie aan al die ouers en leerders wat betrokke was met die aanbied van die Valentynsdans op 16 Februarie. Die aand was ‘n groot sukses en die saal het pragtig gelyk. Met sulke entoesiastiese en talenvolle ouers en leerders sien ons met groot opgewondenheid uit na die res van die jaar se aktiwiteite.
     Groot dank aan die bestuur van Diner R62 vir die borgskap van die gelukkige trekking. Dit word opreg waardeer.
   - ‘n Groot dank aan Oscar Motors vir die vervoer van ATKV-benodigdhede.

2. **<u>Fondsinsamelingsprojek – Granor Passi</u>:**
   Hoërskool McLachlan loods in 2018 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is 0019. Hierdie is ‘n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet dat u met hierdie projek ‘n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

   Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende ‘n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons die voortbestaan van die skool kan verseker.

3. **<u>Graad 5- en 6-VCSV-kamp: 2 – 4 Maart 2018</u>:**
   Daar word ‘n heerlike Gr 5- en 6-kamp te Jeffreysbaai VCSV-kampterrein vir al ons streek se leerders aangebied. Met ‘n avontuurlike tema gaan ons kinders op ‘n besondere wyse geestelike groei en ontwikkeling op ‘n speel-en-leer-metode ervaar.

   Koste beloop R420 plus R60-busgeld. Inskrywingsvorms kan by klasonderwysers inbetaal word voor of op Maandag, 26 Februarie. Die kamp begin Vrydag om 16:00 en duur tot Sondag om 11:30.

4. **<u>Paasvakansie #Imagine 2018</u>**

   Die 5de landswye #Imagine 2018 word gedurende die April-vakansie vir al ons hoërskoolleerders aangebied. Die Oos-Kaapjeug trek by Mentorskraal te Jeffreysbaai saam vanaf Vrydag, 6 April, tot Sondag, 8 April. Duisende tieners kom vir ‘n naweek van aanbidding, lewensverrykende ervarings en die bou van ‘n beter Suid-Afrika saam.

   Dis ‘n grootse jeugfees met ‘n unieke uitkampkarakter waartydens jongmense baie geestelik kan groei en ontwikkel d.m.v. verskeie werkswinkels en aktuele onderwerpe wat behandel word.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Ons wil graag ‘n groot groep jongmense saamneem en wil nou al ouers en voogde aanmoedig om te begroot vir R470 kampgeld en R60 busgeld. Enige borgskappe vir leerders is ook baie welkom.

Die kampeerders geniet ‘n veilige kamp-by-die-see-ervaring met professionele bedieningsleiers.

Inskrywingsvorms is by mnr. Schlechter beskikbaar of ouers kan aanlyn by Facebook/Twitter en ec@imagine.co.za inligting bekom.

5. **ATKV-Boeresport:**
Die ATKV-R62-Kamerade bied vanmiddag om 15:00 boeresport op die rugbyveld aan. Daar gaan ‘n snoepie wees. Almal is welkom.

6. **Sportnuus**:

- Uitslae: LS Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms: Vrydag, 16 Februarie:
Die volgende plekke is behaal by bogenoemde byeenkoms:

Eerste plekke:

| | |
|---|---|
| Laura-Lee Pieterse | 80m |
| Sanmari Potgieter | VS |
| Alverique Krige | 80mH |

Tweede plekke:

| | |
|---|---|
| Sanmari Potgieter | 100m; 200m |
| Taryn Uithaler | HS |
| Elri van Jaarsveld | 150mH |
| Denique Ferreira | DG |
| Laura-Lee Pieterse | 70mH |
| Alverique Krige | 100m |

Derde plekke:

| | |
|---|---|
| Alverique Krige | 200m |
| Chantelle Hendricks | DG |
| Laura-Lee Pieterse | 100m |
| Lara Goncalves | 200mH |
| Marcus Aucamp | DG; SG |
| Elri van Jaarsveld | 75mH; HS |
| A.J. Theron | HS |
| Olivier Kritzinger | DG |
| Pieter Strydom | SG |

Ons is baie trots op die volgende atlete wat kwalifiseer om aan die Oos-Kaapproewe in Cradock te gaan deelneem. Baie geluk.

| | |
|---|---|
| D 0/11:Laura-Lee Pieterse | 80m ; 70mH |
| D 0/12:Elri van Jaarsveld | 150mH |
| D 0/13:Taryn Uithaler | HS |
| D 0/13:Sanmari Potgieter | VS [nuwe rekord]<br>100m en 200m |
| S 0/13:Alverique Krige | 100m ; 80mH |

Ons is baie trots op Laura-Lee Pieterse, Elri van Jaarsveld, Taryn Uithaler, Sanmari Potgieter en Alverique Krige wat kwalifiseer om aan die Oos-Kaapproewe in Cradock te gaan deelneem. Baie geluk.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Koukamma-atletiekbyeenkoms:
  Baie geluk aan Coert Vorster wat tydens die Koukamma-atletiekbyeenkoms 'n rekordafstand van 11,83m in gewigstoot behaal het. Sy naam is per abuis in die vorige nuusbrief uitgelaat. Ons vra om verskoning vir die fout.

- Tennis:
  Baie geluk aan die hoërskoolmeisies en -seuns wat hul ligawedstryde teen HS Westview en HS Pearson gewen het.

  Volgende week se wedstryde vind soos volg plaas:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag, 27 Februarie: | Meisies: | vs Willow | (weg) |
| Donderdag, 1 Maart: | Seuns: | vs Nico Malan | (tuis) |

- Krieket:
  Uitslae:
  1ste span verloor met 1 lopie teen Theodor Herzl.

  Volgende week se wedstryde vind soos volg plaas:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag, 26 Februarie: | 1ste span vs Paul Sauer | (weg) |
| Dinsdag, 27 Februarie: | 0/11 vs Hankey | (weg) |
| Woensdag, 28 Februarie: | 1ste span vs Daniël Pienaar | (weg) |
| Donderdag, 1 Maart: | 0/13 vs Gamtoos | (weg) |

  Volgende week vind die laaste krieketwedstryde en –oefening vir die kwartaal plaas.

- Rugby:
  Rugbyoefening vir hoërskoolseuns vind van volgende week af op Dinsdae- en Donderdae-middae plaas.

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 82 578 3039
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg